Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Masivelane Jita
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Masivelane.Jita@westerncape.gov.za | 021 467 2224

Lêerno.: 3/3/3/1
Verwysing: 20240730-5587

Strategiese Mensbestuursminuut: 0010/2024

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van alle onderwysinrigtings

Onderwerp: Beursskema vir staatsdienswerknemers vir deeltydse studies gedurende die 2025-akademiese jaar

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) rig 'n uitnodiging aan alle staatsdienswerknemers wat in 2025 deeltydse studie wil onderneem om vir beurse aansoek te doen.

2. Dienooreenkomstig die Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet 67 van 2008), soos gewysig, asook die toelatingsvereistes vir middelbestuurs- en seniorbestuursposte, sal die WKOD voorkeur gee aan staatsdienswerknemers wat graag hul kwalifikasies tot graadvlak (NKR 7) wil verbeter, of wat onderneem om vir 'n nasionale diploma (NKR 6), wat tot NKR 7 of 'n voorgraadse kursus (NKR 7) lei, asook 'n nagraadse kursus (NKR 8), te studeer.

3. 'n Vaste, maksimum bedrag van R60 000,00 per beurshouer is vir NKR 8-kwalifikasies beskikbaar. Indien die studiegelde dus hierdie bedrag oorskry, sal die beurshouer daarvoor verantwoordelik wees om die verskil in te betaal.

4. Beurse sal slegs toegeken word indien aansoekers:
   (a) Suid-Afrikaanse burgers is.
   (b) op proef aangestel is/permanente werknemers is (werknemers wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994) aangestel is).
   (c) aan die toelatingsvereistes van die betrokke hoëronderwysinrigting (HOI) voldoen.
   (d) 'n bewys van die aansoek, of 'n afskrif van die kontantbewys van die HOI vir die 2025-akademiese jaar, kan toon.
   (e) daartoe verbind is om gedurende 2025 deeltydse studie te onderneem.
   (f) studeer om 'n voorgraadse of nagraadse kwalifikasie te verwerf.
   (g) nie 'n ander staatsbeurs of enige ander beurs ontvang nie.

5. Alle aansoeke sal ooreenkomstig die volgende kriteria geëvalueer word:
   (a) die gepastheid van die voorgenome studieveld met betrekking tot die WKOD se huidige en toekomstige strategiese behoeftes
   (b) die betrokke komponent se behoefte aan spesifieke of skaars vaardighede
   (c) billike indiensneming (ras, geslag, persone met gestremdhede)
   (d) of aansoekers uit landelike of stedelike gebiede kom
   (e) toepaslikheid wat betref die spesifieke posbeskrywing
   (f) salarisvlakke en die beskikbaarheid van fondse
   (g) eerste kwalifikasie teenoor tweede kwalifikasie
   (h) die toesighouer se aanbeveling, wat die aansoek moet vergesel.

6. Geen laat, onvolledige, faksimilee of onleesbare aansoeke sal oorweeg word nie. Alle aansoeke moet voor of op **Vrydag, 06 September 2024 om 16:00** ingedien word.

7. **Let asseblief daarop dat WKOD-amptenare nie aangeraai word om by tegniese en beroepsonderwys-en-opleidingskolleges (TVET-kolleges) in te skryf nie, aangesien kwalifikasies van hierdie instellings nie tot 'n NKR 7 lei nie.**

8. Aansoeke vir die volgende studierigtings, met 'n skaarste aan gekwalifiseerde personeel en/of 'n konstante behoefte binne die WKOD, sal voorkeur geniet:

	TIPE KWALIFIKASIE	**STUDIERIGTING/DISSIPLINE**
(a)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Finansiële Bestuurstelsels Finansiële Rekeningkunde Bestuursrekeningkunde Ouditkunde
(b)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Verskaffingskettingbestuur
(c)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Menslikehulpbronbestuur/ontwikkeling
(d)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Publieke Administrasie
(e)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Inligtingstelsels/Inligtingstegnologie
(f)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Regte/Bedryfsverhoudinge
(g)	Graad (NKR 7)/ Diploma NKR 6 (wat uitloop op NKR 7)	Argiewe en Rekordbestuur

9. Aansoekers moet die volgende skakel gebruik om aansoek te doen: https://cscbursaries.westerncape.gov.za/

10. Aansoekers moet die volgende voltooide dokumente elektronies indien:
    (a) 'n geskrewe beraming van die studiekoste (registrasie- en onderriggeld) van die HOI vir die 2025-akademiese jaar (hierdie inligting kan van die HOI verkry word)
    (b) hul toesighouer se aanbeveling en motivering van die aansoek
    (c) prestasiebeoordelingsooreenkoms wat van die prestasiebestuursinligtingstelsel (PERMIS) verkry/afgelaai is
    (d) bewys van die aansoek of 'n afskrif van die kontantbewys van die HOI.

11. Die beurskomitee sal alle aansoeke oorweeg en aanbevelings maak vir die toekenning van beurse. Die aantal aansoeke wat ontvang word en die beskikbare fondse bepaal die aantal beurse wat toegeken sal word.

12. Daar word van elke suksesvolle aansoeker verwag om 'n formele ooreenkoms (beurskontrak) met die WKOD aan te gaan om 'n diensjaar te lewer vir elke jaar waarvoor die beurs toegeken word en aan al die ander bepalings in die ooreenkoms te voldoen.

13. Vir enige navrae oor beurasaansoeke vir staatsdienswerkmers in 2025, kontak gerus vir MasivelaneJita by tel. 021 467 2224 of stuur 'n e-pos aan; Masivelane.Jita@westerncape.gov.za. As alternatief, kontak vir Yolani Mbali by tel. 021 828 3387 of stuur 'n aan Yolani.Mbali@westerncape.gov.za.

14. Maak asseblief seker dat alle staatsdienswerknemers in u komponent bewus gemaak word van die inhoud van hierdie minuut.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2024-08-05